

**PKF Cape Town**



chartered accountants  
& business advisers

**OWOBV Eiendoms Beperk  
(Registrasienuommer 2016/182577/07)**

**Finansiële Jaarstate  
vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021**

# **OWOBV Eiendoms Beperk**

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

## **Algemene inligting**

---

<b>Land van inkorporasie en domisilie</b>	Suid-Afrika
<b>Aard van besigheid en hoofaktiwiteite</b>	'n Sorgfasiliteit vir 'n aftree-oord
<b>Direkteure</b>	AG Dreyer HW Hurter BK Wehrle WF van der Merwe F Vleggaar
<b>Geregistreerde kantoor</b>	Oude Westhof Aftree-Oord Van Riebeeckshofweg 26 Van Riebeeckshof Bellville 7530
<b>Besigheidsadres</b>	Oude Westhof Aftree-Oord Van Riebeeckshofweg 26 Van Riebeeckshof Bellville 7530
<b>Posadres</b>	Posbus 5700 Bellville Wes-Kaap 7536
<b>Houerentiteit</b>	Oude Westhof Aftree-Oord Bestuursvereniging
<b>Bankiers</b>	Nedbank Beperk
<b>Ouditeure</b>	PKF Cape Town Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.) Geregistreerde Ouditeure
<b>Sekretaris</b>	HG van der Merwe
<b>Maatskappy registrasienuommer</b>	2016/182577/07
<b>Vlak van gerusstelling</b>	Hierdie finansiële jaarstate is geouditeer in ooreenstemming met die toepaslike vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika.
<b>Opsteller</b>	Hierdie finansiële state is voorberei onder die toesig van: WF van der Merwe Geoktrooieerde Rekenmeester (S.A.)
<b>Gepubliseer</b>	28 Mei 2021

# **OWOBV Eiendoms Beperk**

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

## **Indeks**

---

Die verslae en state soos vervat in die dokument verteenwoordig die finansiële jaarstate wat aan die aandeelhouer voorgelê is:

	<b>Bladsy</b>
Onafhanklike Ouditeursverslag	3 - 5
Direkteursverantwoordelikhede en -goedkeuring	6
Direkteure se verslag	7 - 8
Staat van Finansiële Posisie	9
Staat van Wins of Verlies en Ander Omvattende Inkomste	10
Staat van Verandering in Ekwiteit	11
Staat van Kontantvloei	12
Rekeningkundige Beleid	13 - 16
Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate	17 - 21
Die volgende aanvullende inligting is nie deel van die finansiële state nie en is nie geaudit nie:	
Volledige Inkomstestataat	22

## Onafhanklike Ouditeursverslag

Aan die aandeelhouer van OWOBV Eiendoms Beperk

### Mening

Ons het die finansiële state van OWOBV Eiendoms Beperk (die maatskappy), soos uiteengesit op bladsye 9 tot 21, geaudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die Staat van Finansiële Posisie soos op 28 Februarie 2021, en die Staat van Wins of Verlies en Ander Omvattende Inkomste, die Staat van Verandering in Ekweit en die Staat van Kontantvloeï vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die verwante aantekeninge tot die finansiële state, insluitende 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid.

Na ons mening is die finansiële state, in alle weselike opsigte, 'n redelike voorstelling van die finansiële posisie van OWOBV Eiendoms Beperk soos op 28 Februarie 2021, en van die maatskappy se finansiële prestasie en kontantvloeï vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika.

### Grondslag vir mening

Ons het ons oudit ooreenkomstig 'International Standards on Auditing' uitgevoer. Ons verantwoordelikhede ingevolge daardie standaarde word verder beskryf in die Ouditeur se Verantwoordelikhede vir die Oudit van die finansiële jaarstate-afdeling van ons verslag. Ons is onafhanklik van die maatskappy in ooreenstemming met artikels 290 en 291 van die 'Independent Regulatory Board for Auditors (IRBA)' se 'Code of Professional Conduct for Registered Auditors (Revised January 2018)', afdelings 1 en 3 van die 'Independent Regulatory Board for Auditors' se 'Code of Professional Conduct for Registered Auditors (Revised November 2018)' (tesame die 'IRBA Codes') en ander onafhanklikheidsvereistes wat van toepassing is op oudits van finansiële jaarstate in Suid-Afrika. Ons het ons ander etiese verantwoordelikhede, soos van toepassing, ooreenkomstig die 'IRBA Codes' en ooreenkomstig ander etiese vereistes wat van toepassing is op oudits in Suid-Afrika vervul. Die 'IRBA Codes' is konsekwent met ooreenstemmende artikels van onderskeidelik die 'International Ethics Standards Board for Accountants' se 'Code of Ethics for Professional Accountants' en die 'International Ethics Standards Board for Accountants' se 'International Code of Ethics for Professional Accountants (including International Independence Standards)'. Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

### Ander inligting

Die direkteur is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting bestaan uit die inligting ingesluit in die dokument getiteld "OWOBV Eiendoms Beperk finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021" wat die direkteur se verslag soos vereis deur die Maatskappywet van Suid-Afrika asook die volledige inkomstestaat, wat ons voor die datum van hierdie verslag verkry het. Die ander inligting sluit nie die finansiële state en ons ouditeursverslag daarvoor in nie.

Ons mening oor die finansiële state dek nie die ander inligting nie en ons spreek geen ouditmening of enige vorm van gerusstelling daarvoor uit nie.

In verband met ons oudit van die finansiële state is dit ons verantwoordelikheid om die ander inligting te lees en sodoende te oorweeg of die ander inligting weselik teenstrydig is met die finansiële state of ons kennis verkry gedurende die oudit, of andersins blyk om weselik wanvoorgestel te wees. Indien ons, op grond van die werk wat ons uitgevoer het tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n weselike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word van ons vereis om daardie feit te rapporteer. Ons het niks om in hierdie verband te rapporteer nie.

## **Verantwoordelikhede van die direkteure vir die Finansiële State**

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van die finansiële jaarstate ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag vir die opstel van die finansiële jaarstate wat vry is van weselike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die finansiële state is dit die direkteure se verantwoordelikheid om die maatskappy se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en soos toepaslik, aangeleenthede wat verband hou met die lopende saak en die gebruik van die lopende-saak-grondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die direkteure beplan om die maatskappy te likwedeer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om dit te doen nie.

## **Ouditeur se verantwoordelikhede vir die audit van die Finansiële State**

Ons doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state as 'n geheel vry is van weselike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike voorstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n audit wat ooreenkomstig die 'International Standards on Auditing' uitgevoer is altyd 'n weselike wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal weselik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers, wat op grond van hierdie finansiële state geneem word, sal beïnvloed.

As deel van 'n audit ooreenkomstig die 'International Standards on Auditing' oefen ons professionele oordeel uit en handhaaf ons professionele skeptisisme regdeur die audit. Ons doen ook die volgende:

- Identifiseer en beoordeel die risikos van weselike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute, ontwerp en voer auditprosedures uit na aanleiding van daardie risikos, en verkry auditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir ons auditmening te bied. Die risiko van nie-opsporing van 'n weselike wanvoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n weselike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings, of die omseiling van interne beheer kan behels.
- Verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die audit ten einde auditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die maatskappy se interne beheer nie.
- Evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur die direkteure gemaak is.
- Kom tot 'n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die direkteure se gebruik van die lopende-saak-grondslag van verantwoording, en gebaseer op die auditbewyse verkry, kom tot 'n gevolgtrekking oor die bestaan van 'n weselike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan laat bestaan oor die maatskappy se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Indien ons tot die gevolgtrekking kom dat 'n weselike onsekerheid bestaan, word daar van ons vereis om in ons ouditeursverslag aandag te vestig op die toepaslike openbaarmaking in die finansiële state, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om ons mening te wysig. Ons gevolgtrekkings word gebaseer op auditbewyse verkry tot en met die datum van ons ouditeursverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die maatskappy ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.
- Evalueer die algehele voorstelling, struktuur en inhoud van die finansiële state, insluitende die openbaarmaking, en of die finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op só 'n manier weergee dat redelike voorstelling bereik word.

Ons kommunikeer met die direkteure oor, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die audit en beduidende auditbevindings, insluitende enige beduidende tekortkomings in interne beheer wat ons tydens ons audit identifiseer.

PKF Cape Town.

PKF Cape Town  
M Louw  
Vennoot  
Geregistreerde Ouditeur (SA)

28 Mei 2021  
BELLVILLE

## OWOBV Eiendoms Bepark

(Registrasienommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

### Direkteursverantwoordelikhede en -goedkeuring

---

Die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis dat die direkteure toereikende rekeningkundige rekords moet handhaaf en verantwoordelik is vir die inhoud en integriteit van die finansiële jaarstate en verwante finansiële inligting wat by hierdie verslag ingesluit is. Dit is hul verantwoordelikheid om te verseker dat die finansiële jaarstate 'n redelike weergawe is van die stand van sake van die maatskappy soos op die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei vir die tydperk wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings.

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings opgestel en is gebaseer op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en wat deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun word.


Die direkteure erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat deur die maatskappy ingestel is en plaas aansienlike klem op die handhawing van 'n streng beheeromgewing. Die direksie stel standaarde vir interne beheer wat daarop gemik is om die risiko van foute of verlies op 'n koste-effektiewe wyse te verminder, om die direkteure in staat te stel om hierdie verantwoordelikhede na te kom. Die standaarde sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne 'n duidelik gedefinieerde raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovlak te verseker. Hierdie beheermaatreëls word regdeur die maatskappy gemonitor en alle werknemers word verplig om die hoogste etiese standaarde te handhaaf om te verseker dat die maatskappy se besigheid uitgevoer word op 'n wyse wat in alle redelike omstandighede bo verdenking is. Die maatskappy se fokus op risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die maatskappy. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, poog die maatskappy om dit tot 'n minimum te beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur, kontroles, stelsels en etiese gedrag binne voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas en bestuur word.

Die direkteure is van mening, gebaseer op die inligting en verduidelikings wat deur die bestuur gegee is, dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne finansiële beheerstelsel kan egter slegs redelike, en nie absolute, versekering bied teen enige wesentlike wanvoorstelling of verlies.

Die direkteure het die maatskappy se kontantvloei-vooruitskatting vir die jaar tot 28 Februarie 2022 geëvalueer en, in die lig van hierdie oorsig en die huidige finansiële posisie, is hulle oortuig dat die maatskappy toegang het tot toereikende hulpbronne om voort te gaan in operasionele bestaan in die afsekbare toekoms.

Die eksterne ouditeure is verantwoordelik vir die onafhanklike ouditering en verslagdoening van die maatskappy se finansiële jaarstate. Die finansiële jaarstate is deur die maatskappy se eksterne ouditeure ondersoek en hul verslag is uiteengesit op bladsye 3 en 5.

Die finansiële jaarstate wat uiteengesit is op bladsye 9 tot 22, en voorberei is op die lopendesaaik-grondslag, is goedgekeur en onderteken namens die direksie op 28 Mei 2021 deur:



Direkteur



Direkteur

# OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

## Direkteure se verslag

---

Dit is vir die direkteure 'n plesier om hul verslag oor die finansiële jaarstate van OWOBV Eiendoms Beperk en sy geassosieerdes vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021, in te dien.

### 1. Inkorporasie

Die maatskappy is op 04 Mei 2016 geïnkorporeer en het sy sertifikaat om met besigheid te begin op dieselfde dag verkry.

### 2. Aard van besigheid

OWOBV Eiendoms Beperk is in Suid Afrika geïnkorporeer om versorgingsgeriewe aan bejaardes te verskaf.

Daar was geen wesenlike veranderings in die maatskappy se aard van besigheid sedert die vorige jaar nie.

### 3. Oorsig van finansiële resultate en aktiwiteite

Die finansiële jaarstate is voorberei in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika. Die rekeningkundige beleid is konsekwent in vergelyking met die vorige jaar toegepas.

Volledige besonderhede van die finansiële posisie, resultate van die bedrywighede en kontantvloei van die maatskappy word in hierdie finansiële state uiteengesit.

### 4. Aandelekapitaal

Daar was geen veranderings tot die gemagtigde of uitgereikte aandelekapitaal gedurende die jaar onder oorsig nie.

### 5. Dividende

Geen dividende was verklaar of uitbetaal aan die aandeelhouders gedurende die jaar.

### 6. Direkteure

Die direkteure in amp op die datum van hierdie verslag is as volg:

Direkteure	Veranderinge
AG Dreyer	
C Heyns	Bedank Vrydag, 28 Augustus 2020
HW Hurter	
AJ van der Schyf	Bedank Vrydag, 30 April 2021
BK Wehrle	
WF van der Merwe	Aangestel Vrydag, 28 Augustus 2020
F Vleggaar	Aangestel Vrydag, 30 April 2021

### 7. Houerentiteit

Die maatskappy se houermaatskappy is Oude Westhof Aftree-Oord Bestuursvereniging wat 100% (2020: 100%) van die maatskappy se ekwiteit hou. Oude Westhof Aftree-Oord Bestuursvereniging is in Suid Afrika geïnkorporeer.

### 8. Gebeure na die verslagdoeningstydperk

Die direkteure is nie bewus van enige wesenlike gebeurlikhede wat plaasgevind het na die verslagdoeningsdatum tot en met die datum van hierdie verslag nie.



# **OWOBV Eiendoms Beperk**

(Registrasienommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

## **Direkteure se verslag**

---

### **9. Lopende saak**

Die direkteure glo dat die maatskappy oor die voldoende finansiële hulpbronne beskik om voort te gaan met handel in die afsienbare toekoms en dienoreenkomstig is die finansiële state op 'n lopende saak-grondslag voorberei. Die direkteure het hulself tevrede gestel dat die maatskappy oor 'n gesonde finansiële posisie beskik en dat dit toegang het tot voldoende leningsfasiliteite om alle afsienbare kontant vereistes na te kom. Die direkteure is nie bewus van enige nuwe wesenlike veranderings wat die maatskappy nadelig kan affekteer nie. Die direkteure is ook nie bewus van enige wesenlike nie-voldoening aan statutêre of regulatoriese vereistes of enige hangende veranderings aan wetgewing wat die maatskappy kan affekteer nie.

### **10. Ouditeure**

PKF Cape Town het voortgegaan in die amp as ouditeure vir die maatskappy vir die 2021 finansiële jaar.

### **11. Sekretaris**

Die maatskappysekretaris is HG van der Merwe.

Besigheidsadres

Oude Westhof Aftree - Oord  
Van Riebeeckshofweg 26  
Van Riebeeckshof  
Bellville  
7530

# OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

## Staat van Finansiële Posisie soos op 28 Februarie 2021

		2021 R	2020 R
<b>Bates</b>			
<b>Nie-bedryfsbates</b>			
Eiendom, aanleg en toerusting	2	436 113	472 554
Beleggingseiendom teen billike waarde	3	28 851 615	21 489 092
		<u>29 287 728</u>	<u>21 961 646</u>
<b>Bedryfsbates</b>			
Handels- en ander debiteure	5	119 616	162 979
Inkomstebelasting ontvangbaar		9 542	9 423
Kontant en kontantekwivalente	6	192 247	87 252
		<u>321 405</u>	<u>259 654</u>
<b>Totale bates</b>		<u>29 609 133</u>	<u>22 221 300</u>
<b>Ekwiteit en aanspreeklikhede</b>			
<b>Ekwiteit</b>			
Aandelekapitaal	4	-	-
Behoue verdienste		19 364 293	14 357 049
		<u>19 364 293</u>	<u>14 357 049</u>
<b>Laste</b>			
<b>Nie-bedryfslaste</b>			
Lening vanaf aandeelhouer	7	5 286 213	4 044 295
Uitgestelde belasting	8	4 548 752	3 174 249
		<u>9 834 965</u>	<u>7 218 544</u>
<b>Bedryfslaste</b>			
Handels- en ander krediteure	9	409 875	645 707
<b>Totale laste</b>		<u>10 244 840</u>	<u>7 864 251</u>
<b>Totale ekwiteit en aanspreeklikhede</b>		<u>29 609 133</u>	<u>22 221 300</u>

## OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

### Staat van Wins of Verlies en Ander Omvattende Inkomste

		2021 R	2020 R
	Aan- teke- ning(e)		
Inkomste	10	7 214 262	8 818 018
Bedryfskoste		(8 205 184)	(8 259 691)
<b>Bedryfswins</b>	11	<b>(990 922)</b>	<b>558 327</b>
Beleggingsinkomste	12	9 843	7 066
Billikewaarde-aanpassing		7 362 523	-
Finansieringskoste		-	(5 615)
<b>Wins voor belasting</b>		<b>6 381 444</b>	<b>559 778</b>
Belasting	13	(1 374 200)	(156 738)
<b>Wins vir die jaar</b>		<b>5 007 244</b>	<b>403 040</b>
Ander omvattende inkomste		-	-
<b>Totale omvattende inkomste vir die jaar</b>		<b>5 007 244</b>	<b>403 040</b>

## OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

### Staat van Verandering in Ekwiteit

	Aandele- kapitaal R	Behoue verdienste R	Totale ekwiteit R
<b>Saldo op 1 Maart 2019</b>	-	<b>13 954 009</b>	<b>13 954 009</b>
Wins vir die jaar	-	403 040	403 040
Ander omvattende inkomste	-	-	-
<b>Totale omvattende inkomste vir die jaar</b>	-	<b>403 040</b>	<b>403 040</b>
<b>Saldo op 29 Februarie 2020</b>	-	<b>14 357 049</b>	<b>14 357 049</b>
Wins vir die jaar	-	5 007 244	5 007 244
Ander omvattende inkomste	-	-	-
<b>Totale omvattende inkomste vir die jaar</b>	-	<b>5 007 244</b>	<b>5 007 244</b>
<b>Saldo op 28 Februarie 2021</b>	-	<b>19 364 293</b>	<b>19 364 293</b>
Aantekening	4		

## OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

### Staat van Kontantvloei

		2021 R	2020 R
<b>Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite</b>			
Kontantontvangste van kliënte		7 257 889	9 680 933
Kontant betaal aan verskaffers en werknemers		(8 396 042)	(9 549 788)
Kontant (aangewend in) gegeneer deur bedrywighede	14	(1 138 150)	131 145
Rente-inkomste		9 724	7 066
Finansieringskoste		-	(5 615)
Belasting betaal	15	-	(222 117)
Aanpassing rakende nie kontant item van vorige jaar		203	-
<b>Netto kontant aangewend in bedryfsaktiwiteite</b>		<b>(1 128 223)</b>	<b>(89 521)</b>
<b>Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite</b>			
Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting	2	(8 700)	(66 477)
<b>Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite</b>			
Beweging van aandeelhouderslening		1 241 918	(31 997)
<b>Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite</b>		<b>1 241 918</b>	<b>(31 997)</b>
<b>Totale kontantbeweging vir die jaar</b>		<b>104 995</b>	<b>(187 995)</b>
Kontant en kontantekwivalente		87 252	275 247
<b>Saldo aan die einde van die jaar</b>	6	<b>192 247</b>	<b>87 252</b>

# **OWOBV Eiendoms Beperk**

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

## **Rekeningkundige Beleid**

---

### **1. Opstellingsgrondslag en opsomming van beduidende rekeningkundige beleid**

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings, en die Maatskappywet van Suid-Afrika opgestel. Die finansiële jaarstate is op die historiese kostegronslag, buiten vir die meting van beleggingseiendom teen billike waarde opgestel en sluit die hoof rekeningkundige beleid in wat hieronder uiteengesit word. Dit word in Suid-Afrikaanse Rand aangebied.

Hierdie rekeningkundige beleid stem ooreen met die vorige tydperk.

#### **1.1 Beduidende oordeel en bronne van ramingsonsekerheid**

##### **Belangrike oordeel in die toepassing van rekeningkundige beleid**

Bestuur het nie belangrike oordele in die toepassing van die rekeningkundige beleid gemaak nie, afgesien van dié met betrekking tot ramings wat die mees beduidende uitwerking op die finansiële jaarstate sal hê.

##### **Sleutel bronne van ramingsonsekerheid**

##### **Nuttige lewensduur van eiendom, aanleg en toerusting**

Die maatskappy hersien die geskatte nuttige lewensduur van eiendom, aanleg en toerusting wanneer veranderende omstandighede aandui dat dit moontlik verander het sedert die mees onlangse verslagdoeningsdatum. Gedurende die huidige jaar het die direkteure bepaal dat die nuttige lewensduur van sekere items van toesig toerusting verkort moet word, as gevolg van ontwikkelings in tegnologie.

#### **1.2 Beleggingseiendom**

Beleggingseiendom is grond en geboue wat gehou word om huurinkomste te verdien of vir kapitaalgroei of beide, eerder as vir gebruik in die produksie of verskaffing van goedere of dienste of vir administratiewe doeleindes, óf vir verkoop in die gewone gang van sake.

Beleggingseiendom word aanvanklik teen kosprys gemeet en daarna teen billike waarde met veranderings in billike waarde wat in wins of verlies erken word. Indien die billike waarde van beleggingseiendom nie betroubaar gemeet kan word sonder onnodige koste of moeite nie, word dit dan teen kosprys minus opgehoopte depresiasie en opgehoopte waardedaling gemeet.

Die kosprys van beleggingseiendom bestaan uit die koopprys en enige direk toeskryfbare koste om die bate by die plek af te lewer en omstandighede wat nodig is om dit in staat te stel om te funksioneer op die wyse wat deur bestuur beoog is.

Die kosprys sluit koste in wat aanvanklik aangegaan is om 'n beleggingseiendom te verkry of te bou en koste wat daarna aangegaan is om daarby toe te voeg, 'n deel daarvan te vervang of dit te diens. Indien 'n vervangingskoste erken word in die drabedrag van 'n item van beleggingseiendom, word die drabedrag van die vervangde item omgeswaai.

Die billike waarde word gereeld deur 'n eksterne waardeerder bepaal wat afgelei word uit huidige markpryse van vergelykbare eiendom.

# OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

## Rekeningkundige Beleid

---

### 1.3 Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting is tasbare bates wat die maatskappy hou vir eie gebruik of vir verhuring aan ander en wat na verwagting vir meer as een tydperk gebruik sal word.

Eiendom, aanleg en toerusting word aanvanklik teen kosprys gemeet.

Die kosprys sluit koste in wat aanvanklik aangegaan is om 'n item van eiendom, aanleg en toerusting te verkry of te bou en koste wat daarna aangegaan is om daarby toe te voeg, 'n deel daarvan te vervang, of dit te diens. Indien 'n vervangingskoste erken word in die drabedrag van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting word die drabedrag van die vervangde gedeelte omgeswaai.

Eiendom, aanleg en toerusting word gevolglik openbaar gemaak teen kosprys minus opgehoopte depresiasie en enige opgehoopte waardedalingsverliese, behalwe vir grond wat teen kosprys minus enige opgehoopte waardedalingsverliese openbaar gemaak word.

Depresiasie van 'n bate begin wanneer die bate beskikbaar is vir gebruik soos deur bestuur beoog. Depresiasie word gehê om die drabedrag van die bate oor sy geskatte nuttige lewensduur af te skryf na sy geskatte reswaarde, deur gebruik te maak van 'n metode wat die patroon waarin die bate se ekonomiese voordele wat deur die maatskappy opgeneem word, die beste reflekteer.

Die nuttige lewensduur van items van eiendom, aanleg en toerusting is soos volg geëvalueer:

---

Item	Depresiasie metode	Gemiddelde lewensduur	nuttige
Meubels en vaste toebehore	Reguitlyn	10 jaar	
Rekenaartoerusting	Reguitlyn	3 jaar	

Wanneer aanwysers teenwoordig is dat die nuttige lewensduur en reswaardes van items van eiendom, aanleg en toerusting sedert die mees onlangse jaarlikse verslagdoeningsdatum verander het, word dit herevalueer. Enige veranderinge word vooruitwerkend as 'n verandering in rekeningkundige raming verantwoord.

Waardedalingstoetse word uitgevoer op eiendom, aanleg en toerusting wanneer daar 'n aanduiding is dat waardedaling moontlik plaasgevind het. Wanneer die drabedrag van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting se evaluasie hoër is as die beraamde verhaalbare bedrag, word 'n waardedalingsverlies onmiddellik in wins of verlies erken om die drabedrag in lyn te bring met die verhaalbare bedrag.

'n Item van eiendom, aanleg en toerusting word omgeswaai wanneer dit verkoop word, of wanneer geen toekomstige ekonomiese voordele vanuit sy voortgesette gebruik of verkoop verwag word nie. Enige wins of verlies wat voortspruit uit die omswaai van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting, wat bepaal word as die verskil tussen die netto opbrengs uit verkope, indien enige, en die drabedrag van die item, word by wins of verlies ingesluit wanneer die item omgeswaai word.

### 1.4 Finansiële instrumente

#### Aanvanklike meting

Finansiële instrumente word aanvanklik gemeet teen die transaksieprys (insluitend transaksiekoste, behalwe in die aanvanklike meting van finansiële bates en laste wat gemeet word teen billike waarde deur wins of verlies) tensy die ooreenkoms, in effek, 'n finansieringstransaksie uitmaak in welke geval dit gemeet word teen die huidige waarde van die toekomstige betalings verdiskonteer teen 'n markkoers van rente vir 'n soortgelyke skuld instrument.

# **OWOBV Eiendoms Beperk**

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

## **Rekeningkundige Beleid**

---

### **1.4 Finansiële instrumente (vervolg)**

#### **Finansiële instrumente teen geamortiseerde koste**

Hierdie sluit in lenings, handelsdebiteure, handelskrediteure en kontant en kontantekwivalente. Daardie skuld instrumente wat voldoen aan die kriteria in artikel 11.8(b) van die standaard, word daarna teen geamortiseerde koste gemeet deur gebruik te maak van die effektiewe rente-metode. Skuld instrumente wat as bedryfsbates of -laste geklassifiseer is, word gemeet teen die onverdiskonteerde bedrag van die kontant wat verwag word om ontvang of betaal te word, tensy die ooreenkoms effektief 'n finansieringstransaksie uitmaak.

Op elke verslagdoeningsdatum, word die drabedrae van bates wat in hierdie kategorie gehou word hersien om te bepaal of daar enige objektiewe bewyse van waardedaling is. Indien daar objektiewe bewyse is, word die verhaalbare bedrag beraam en met die drabedrag vergelyk. Indien die beraamde verhaalbare bedrag laer is, word die drabedrag verminder na sy beraamde verhaalbare bedrag, en 'n waardedalingsverlies word onmiddellik in wins of verlies erken.

### **1.5 Belasting**

#### **Lopendebelastingbates en -laste**

Lopende belasting vir huidige en vorige tydperke word, in soverre dit onbetaal is, as 'n las erken. Indien die bedrag wat reeds betaal is ten opsigte van huidige en vorige tydperke meer is as die bedrag wat in daardie tydperke betaalbaar is, word die surplus as 'n bate erken.

Die belasting aanspreeklikheid weerspieël die invloed van die moontlike uitkoms van 'n oorsig deur die belastingowerhede.

#### **Uitgestelde belastingbates en laste**

'n Uitgestelde belastinglas word erken vir alle belasbare tydelike verskille.

'n Uitgestelde belastingbate word erken vir alle aftrekbare tydelike verskille in die mate waarin dit waarskynlik is dat die belasbare wins beskikbaar sal wees waarteen die aftrekbare tydelike verskil aangewend kan word.

Uitgesteldebelaasting-bates en -laste word gemeet teen die belastingkoerse wat na verwagting van toepassing sal wees in die periode wanneer die bate gerealiseer word of die verpligting vasgestel is, gegrond op die belastingkoerse (en belastingwette) wat uitgevaardig of verwag word om toegepas teen die einde van die verslagdoeningstydperk.

#### **Belastinguitgawes**

Belastinguitgawes word erken in dieselfde komponent van totale omvattende inkomste of ekwiteit as die transaksie of ander gebeurtenis wat gelei het tot die belastinguitgawe.

### **1.6 Hure**

'n Huur word as 'n bruikhuur geklassifiseer as dit aansienlik al die risiko's en belonings verbonde aan eienaarskap aan die huurder oordra. Alle ander hure is bedryfshure.

#### **Bedryfshure - huurder**

Bedryfshuurbetalings word as 'n uitgawe op 'n reguit-lyn-grondslag oor die huurtermyn erken, behalwe as:

- 'n ander sistematiese grondslag van die tydpatroon van die voordeel vanuit die huurbate verteenwoordigend is, selfs as die betaling nie op daardie grondslag is nie, of
- die betalings gestruktureer is om te verhoog in lyn met verwagte algemene inflasie (gebaseer op gepubliseerde indekse of statistieke) om te vergoed vir die verhuurder se verwagte inflasionêre stygings.

Enige voorwaardelike hure word 'n uitgawe in die tydperk waarin dit aangegaan is.



# **OWOBV Eiendoms Beperk**

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

## **Rekeningkundige Beleid**

---

### **1.7 Waardedaling van bates**

Die maatskappy evalueer op elke verslagdoeningsdatum of daar enige aanduiding is dat eiendom, aanleg en toerusting se waarde mag daal.

Indien daar enige sodanige aanduiding is, word die verhaalbare bedrag van enige geraakte bate (of groep van verwante bates) beraam en met sy drabedrag vergelyk. Indien die beraamde verhaalbare bedrag laer is, word die drabedrag verminder na sy beraamde verhaalbare bedrag, en 'n waardedalingsverlies word onmiddellik in wins of verlies erken.

Indien 'n waardedalingsverlies daarna omswaai, word die drabedrag van die bate (of groep van verwante bates) verhoog na die hersiene beraaming van sy verhaalbare bedrag, maar nie meer as die bedrag wat bepaal sou word indien geen waardedalingsverlies vir die bate (of groep van bates) in die vorige jare erken is nie. 'n Omswaai van waardedaling word onmiddellik in wins of verlies erken.

### **1.8 Aandelekapitaal en ekwiteit**

'n Ekwiteitsinstrument is enige kontrak wat bewys is van 'n oorblywende belang in die bates van 'n entiteit nadat al sy laste afgetrek is.

Indien die maatskappy weer sy eie ekwiteitsinstrumente verkry, word daardie instrumente van ekwiteit afgetrek. Geen wins of verlies word met die verkryging, verkoop, uitgifte of kansellering van die maatskappy se eie ekwiteitsinstrumente in wins of verlies erken nie. Die vergoeding betaal of ontvang sal direk in ekwiteit erken word.

### **1.9 Werknemervoordele**

#### **Korttermynwerknemervoordele**

Die koste van korttermynwerknemervoordele (daardie wat betaalbaar is binne 12 maande nadat die diens gelewer is, soos betaalde verlof en siekverlof, bonusse en nie-monetêre voordele soos mediese sorg) word erken in die tydperk waarin die diens gelewer is en word nie verdiskonteer nie.

#### **1.10 Voorsienings en gebeurlikhede**

Voorsienings word erken wanneer die maatskappy 'n verpligting het op die verslagdoeningsdatum as gevolg van 'n gebeurtenis in die verlede; dit waarskynlik is dat die maatskappy vereis sal word om ekonomiese voordeel oor te dra in vereffening; en die bedrag van die verpligting betroubaar beraam kan word.

Voorsienings word gemeet teen die huidige waarde van die bedrag wat na verwagting nodig sal wees om die verpligting te vereffen deur gebruik te maak van 'n voorbelaste koers wat die huidige markevaluering van die tydwaarde van geld en die risiko's eie aan die verpligting weerspieël. Die styging in die voorsiening weens tydverloop word as 'n rente-uitgawe erken.

Voorsienings word nie vir toekomstige bedryfsverliese erken nie.

#### **1.11 Inkomste**

Inkomste word erken tot die mate waartoe die maatskappy die beduidende risiko's en belonings van eienaarskap van goedere aan die koper oorgedra het, of dienste gelewer het ingevolge 'n ooreenkoms op voorwaarde dat die bedrag betroubaar gemeet kan word en dit waarskynlik is dat ekonomiese voordeel, wat verband hou met die transaksie, die maatskappy sal toekom. Inkomste word gemeet teen die billike waarde van die vergoeding ontvang of ontvangbaar, uitgesluit verkoopsbelasting en afslag.

Rente word erken in wins of verlies deur gebruik te maak van die effektiewerentekoers-metode.

#### **1.12 Finansieringskoste**

Finansieringskoste word in die tydperk waarin dit aangegaan word as 'n uitgawe erken.

## OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

### Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate

	2021			2020		
	R			R		
<b>2. Eiendom, aanleg en toerusting</b>						
	2021			2020		
	Kosprys	Opgehoopte waarde - vermindering	Drawaarde	Kosprys	Opgehoopte waarde - vermindering	Drawaarde
Meubels en vaste toebehore	559 143	(123 030)	436 113	550 443	(80 126)	470 317
Rekenaartoerusting	7 017	(7 017)	-	7 017	(4 780)	2 237
<b>Totaal</b>	<b>566 160</b>	<b>(130 047)</b>	<b>436 113</b>	<b>557 460</b>	<b>(84 906)</b>	<b>472 554</b>

#### Rekonsilliasie van eiendom, aanleg en toerusting - 2021

	Openingsaldo	Byvoegings	Waardevermindering	Eindsaldo
Meubels en vaste toebehore	470 317	8 700	(42 904)	436 113
Rekenaartoerusting	2 237	-	(2 237)	-
	<b>472 554</b>	<b>8 700</b>	<b>(45 141)</b>	<b>436 113</b>

#### 3. Beleggingseiendom teen billike waarde

##### Rekonsilliasie van beleggingseiendom teen billike waarde - 2021

	Beginsaldo	Billikewaardeaanpassings	Totaal
Beleggingseiendom	21 489 092	7 362 523	28 851 615

##### Besonderhede van eiendom

###### Oude Westhof Village

Beleggingseiendom bestaan uit 2 eenhede, eenhede 123 en 124 van Oude Westhof Village skema nommer SS 169/2018. Die eiendom word gehou in terme van titelakte nommer ST10714/2018 en die registrasie datum was 26 Junie 2018.

- Koopprys	7 553 764	7 553 764
- Billike waarde aanpassing	21 297 851	13 935 328
	<b>28 851 615</b>	<b>21 489 092</b>

## OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

### Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate

	2021 R	2020 R
<b>3. Beleggingseiendom teen billike waarde (vervolg)</b>		
<b>Besonderhede van waardasie</b>		
Die effektiewe datum van die herwaardasie was Maandag, 26 April 2021. Die waardasie is gedoen deur 'n onafhanklike waardeerder, Andre Liebenberg (Professionele geassosieerde waardeerder), van Mirfin waarderingdienste. Mirfin is nie aan OWOBV Eiendoms Beperk verbind nie en het die toepaslike ervaring in ligging en soort kategorie ten opsigte van die beleggingseiendom wat herwaardeer word.		
Die waardasie is gegrond op die vervangingskoste vir bestaande gebruik. Die direkteur het die waardasie heroorweeg en is van mening dat hierdie waardasie steeds 'n billike aanduiding van die waarde van die beleggingseiendom gee.		
<b>4. Aandelekapitaal</b>		
<b>Getal gemagtigde aandele</b>		
4,000 Gewone aandele teen geen pariwaarde	-	-
<b>Uitgereik</b>		
100 Gewone aandele sonder pariwaarde	-	-
<b>5. Handels- en ander debiteure</b>		
Handelsdebiteure	119 616	162 979
<b>6. Kontant en kontantekwivalente</b>		
Kontant en kontantekwivalente bestaan uit:		
Kontant voorhande	6 500	6 500
Banksaldo's	185 747	80 752
	<u>192 247</u>	<u>87 252</u>
<b>7. Lening vanaf aandeelhouer</b>		
Oude Westhof Aftree-Oord - Langtermyn lening	5 286 213	4 044 295

Die lening is onversekerd, dra geen rente soos ooreengekom tussen betrokke partye en is betaalbaar op 31 Desember 2028.

## OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

### Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate

	2021 R	2020 R
<b>8. Uitgestelde belasting</b>		
Uitgestelde belastinglas	(4 836 512)	(3 174 249)
Uitgestelde belastingbate	287 760	-
<b>Totale netto uitgestelde belastinglas</b>	<b>(4 548 752)</b>	<b>(3 174 249)</b>
Die hoofkomponente van die uitgestelde belastingbalans is soos volg:		
<b>Uitgestelde belastinglas</b>		
<b>Ontstaan as gevolg van tydelike verskille op:</b>		
Eiendom, aanleg en toerusting	(65 793)	(52 735)
Beleggingseiendom	(4 770 719)	(3 121 514)
<b>Totale uitgestelde belastinglas</b>	<b>(4 836 512)</b>	<b>(3 174 249)</b>
<b>Uitgestelde belastingbate</b>		
<b>Ontstaan as gevolg van tydelike verskille op:</b>		
Belastingeffek op belastingverlies beskikbaar vir verrekening teen toekomstige belasbare inkomste	287 760	-
<b>Rekonsiliasie van uitgestelde belastingbate (-las)</b>		
Aan die begin van die jaar	(3 174 249)	(3 162 088)
<b>Erken in wins of verlies</b>		
Toename in belastingverlies beskikbaar vir verrekening teen toekomstige belasbare inkomste	287 760	-
Beweging in tydelike verskille op eiendom, aanleg en toerusting	(13 058)	(12 161)
Beweging in tydelike verskille op beleggingseiendom teen billike waarde - KWB-koers	(1 649 205)	-
	<b>(1 374 503)</b>	<b>(12 161)</b>
<b>Einde van die jaar</b>	<b>(4 548 752)</b>	<b>(3 174 249)</b>
<b>9. Handels- en ander krediteure</b>		
Betaalbare handelskrediteure	238 103	457 003
BTW	62 546	76 351
Opgelope munisipale kostes	109 226	112 353
	<b>409 875</b>	<b>645 707</b>
<b>10. Inkomste</b>		
Dienslewering	7 214 262	8 818 018

# OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

## Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate

	2021 R	2020 R
<b>11. Bedryfswins</b>		
Die bedryfswins vir die jaar word aangegee nadat die volgende in rekening gebring is:		
Waardevermindering op eiendom, aanleg en toerusting	45 141	43 182
Werknemer koste	<u>4 199 673</u>	<u>4 520 837</u>
<b>12. Beleggingsinkomste</b>		
<b>Rente-inkomste</b>		
Bank	9 724	7 066
Rente ontvang van SARS	119	-
	<u>9 843</u>	<u>7 066</u>
<b>13. Belasting</b>		
<b>Belangrikste komponente van die belastinguitgawe</b>		
<b>Huidige belasting</b>		
Suid-Afrikaanse normale belasting - huidige jaar	-	144 577
Suid-Afrikaanse normale belasting - Vorige tydperk (oor) onder voorsiening	(303)	-
	<u>(303)</u>	<u>144 577</u>
<b>Uitgestelde belasting</b>		
Suid-Afrikaanse uitgestelde belasting - huidige jaar	1 374 503	12 161
	<u>1 374 200</u>	<u>156 738</u>
<b>Rekonsiliasie van die belastinguitgawe</b>		
Rekonsiliasie van rekeningkundige wins en belastinguitgawe.		
Rekeningkundige wins	6 381 444	559 778
Belasting teen die toepaslike koers van 28% (2020: 28%)	1 786 804	156 738
<b>Ander</b>		
Kapitaalwinstbelasting verskil	(412 907)	-
Vorige tydperk aanpassings	303	-
	<u>1 374 200</u>	<u>156 738</u>

Geen voorsiening is gemaak vir 2021 se belasting nie aangesien die maatskappy geen belasbare inkomste het nie. Die beraamde belastingverlies wat beskikbaar is vir verrekening teen toekomstige belasbare inkomste is R1,027,833.

# OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

## Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate

	2021 R	2020 R
<b>14. Kontant (aangewend in) gegeneer deur bedrywighede</b>		
Wins voor belasting	6 381 444	559 778
<b>Aanpassings vir:</b>		
Waardevermindering	45 141	43 182
Rente ontvang	(9 843)	(7 066)
Finansieringskoste	-	5 615
Billikewaarde-aanpassings	(7 362 523)	-
<b>Veranderings in bedryfskapitaal:</b>		
Handels- en ander debiteure	43 363	37 496
Handels- en ander krediteure	(235 732)	(507 860)
	<u>(1 138 150)</u>	<u>131 145</u>
<b>15. Belasting betaal</b>		
Saldo aan begin van die jaar	9 423	(68 117)
Lopende belasting vir die jaar in die wins of verlies erken	303	(144 577)
Vorige jaar aanpassing	(303)	-
Aanpassing ten opsigte van rente vanaf SARS in die huidige jaar	119	-
Saldo aan einde van die jaar	(9 542)	(9 423)
	<u>-</u>	<u>(222 117)</u>
<b>16. Verwante partye</b>		
Verwantskap		Oude Westhof Aftree-Oord Bestuursvereniging
Houermaatskappy		
Lede van sleutel bestuur		AG Dreyer WF van der Merwe HW Hurter AJ van der Schyf BK Wehrle
<b>Verwante party balanse</b>		
<b>Leningsrekeninge - Verskuldig (aan) deur verwante partye</b>		
Oude Westhof Aftree-Oord Bestuursvereniging	(5 286 213)	(4 044 295)
<b>17. Direkteursvergoeding</b>		
Geen besoldiging is aan 'n direkteur of enige individue betaal wat in die jaar 'n voorgeskrewe amp beklee het nie.		
<b>18. Kategorieë van finansiële instrumente</b>		
<b>Skuld instrumente teen geamortiseerde kostes</b>		
Handels - en ander debiteure	119 616	162 979
Kontant en kontant ekwivalente	192 247	87 252
	<b>311 863</b>	<b>250 231</b>
<b>Finansiële laste teen geamortiseerde kostes</b>		
Lenings van aandeelhouers	5 286 213	4 044 295
Handels - en ander krediteure	347 335	645 712
	<b>5 633 548</b>	<b>645 712</b>

# OWOBV Eiendoms Beperk

(Registrasienuommer: 2016/182577/07)

Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2021

## Volledige Inkomstestaat

	Aan- teke- ning(e)	2021 R	2020 R
<b>Inkomste</b>		<b>7 214 262</b>	<b>8 818 018</b>
Verblyf			
<b>Bedryfskoste</b>			
Addisionele gesondheidsorg		24 218	-
Bankkoste		5 901	3 347
Covid-19 uitgawes		271 328	-
Drukwerk en skryfbehoeftes		35 892	39 468
DSTV		171 495	159 750
Etes		824 951	994 320
Ete heffing		233 374	228 626
Herstelwerk en instandhouding		95 661	329 720
Konsultasiefooie		95 248	42 176
Maatskaplike werkerfooie		42 454	67 224
Mediese uitgawes		187 532	181 582
Menslike hulpbronne (SBLs)		25 740	-
Munisipalekoste		477 858	87 174
Onthaalkoste		-	869
Opleiding		5 647	31 504
Ouditeursvergoeding		59 462	59 098
Personeelwielstand		117 529	139 059
PQ heffing		404 135	352 097
Regs-koste en konsultasiefooie		7 700	53 717
Rekenaar uitgawes		11 909	14 668
Skoonmaakmiddels		802 935	816 766
Slegte skulde		-	21 374
Telefoon en faks		20 721	41 422
Versekering		34 465	31 711
Vervangings		4 215	-
Waardevermindering		45 141	43 182
Werknemerskoste		4 199 673	4 520 837
		<b>8 205 184</b>	<b>8 259 691</b>
<b>Bedryfs(verlies) wins</b>	11	<b>(990 922)</b>	<b>558 327</b>
Finansieringskoste		-	(5 615)
Billikewaarde-aanpassings		7 362 523	-
Rente inkomste	12	9 843	7 066
		<b>7 372 366</b>	<b>1 451</b>
<b>Wins voor belasting</b>		<b>6 381 444</b>	<b>559 778</b>
Belasting	13	(1 374 200)	(156 738)
<b>Wins vir die jaar</b>		<b>5 007 244</b>	<b>403 040</b>

**OUDE WESTHOF AFTREE-OORD BESTUURSVERENIGING**  
**OUDE WESTHOF VILLAGE MANAGEMENT ASSOCIATION**  
**INKOMSTESTAAT / INCOME STATEMENT**

	Begroting Budget 2020-2021	Werklik Actual 2020-2021	Begroting Budget 2021-2022	
<b>INKOMSTE</b>				<b>INCOME</b>
Heffings	6,672,888	6,676,837	7,344,528	Levies
Sorgheffing	718,056	719,384	825,768	Care Levy
Addisionele sorg Inkomste	-	95,246	156,000	Additional healthcare income
Hulpsorgheffing	431,424	431,424	496,188	Assisted Living Levy
Ombudsman heffing	-	7,759	10,428	Ombudsman levies
Wassery	24,000	3,185	12,000	Laundry
<b>Totale inkomste</b>	<b>7,846,368</b>	<b>7,933,835</b>	<b>8,844,912</b>	<b>Total Income</b>
<b>UITGAWES</b>				<b>EXPENDITURE</b>
Munisipaliteit	1,605,772	1,603,092	1,177,278	Municipality
Versekering	648,448	388,899	447,774	Insurance
Sekuriteit	1,345,380	1,348,557	1,469,508	Security
VRME	(18,060)	(26,641)	(18,060)	VRME
Onderhoud	1,034,244	971,527	1,032,672	Maintenance
Spesiale onderhoudsprojekte	527,000	559,893	824,500	Special maintenance projects
Administrasie	492,676	494,331	487,330	Administration
Klubbuisdienste	375,072	346,227	420,072	Clubhouse services
Salarisse	5,517,419	5,278,259	5,810,821	Salaries
Diverse personeeluitgawes	-	-	385,784	Sundry staff costs
Ander	12,000	39,137	12,000	Other
<b>Totale Uitgawes</b>	<b>11,539,951</b>	<b>10,401,281</b>	<b>12,049,679</b>	<b>Total Expenditure</b>
<b>BEDRYFSTEKORT</b>	<b>(3,693,583)</b>	<b>(2,467,446)</b>	<b>(3,204,767)</b>	<b>OPERATIONAL DEFICIT</b>
<b>ANDER INKOMSTE</b>				<b>OTHER INCOME</b>
Uitree Heffing	-	2,451,770	-	Exit levy
Diverse inkomste	-	750	-	Sundry income
<b>Beleggings inkomste</b>	<b>276,000</b>	<b>284,290</b>	<b>276,000</b>	<b>Investment Income</b>
<b>RESULTAAT VOOR BELASTING</b>	<b>(3,417,583)</b>	<b>269,364</b>	<b>(2,928,767)</b>	<b>RESULT BEFORE TAXATION</b>
<b>Belasting</b>	<b>60,000</b>	<b>61,731</b>	<b>60,000</b>	<b>Taxation</b>
<b>NETTO (TEKORT) / OORSKOT</b>	<b>(3,477,583)</b>	<b>207,633</b>	<b>(2,988,767)</b>	<b>NETT (DEFICIT) / SURPLUS</b>



**SORGSENTRUM / CARE CENTRE**  
**INKOMSTESTAAT / INCOME STATEMENT**

	Begroot Budget 2020 / 2021	Werklik Actual 2020 / 2021	Begroot Budget 2021 / 2022	
<b>INKOMSTE</b>				<b>INCOME</b>
Akkommodasie	9,031,536	7,148,658	7,282,641	Accommodation
Ander	133,380	65,604	-	Other
	<b>9,164,916</b>	<b>7,214,262</b>	<b>7,282,641</b>	
<b>UITGAWES</b>				<b>EXPENDITURE</b>
Munisipale koste	570,200	477,858	514,814	Municipal Charges
Versekering	33,924	34,465	37,776	Insurance
Deelnemingskwotaheffing	404,136	404,135	444,576	PQ Levy
Onderhoud	480,660	99,876	152,709	Maintenance
Administrasie	2,880,232	2,845,908	2,745,276	Administration
Salarisse	4,786,114	4,342,942	4,451,272	Salaries
	<b>9,155,266</b>	<b>8,205,184</b>	<b>8,346,423</b>	
<b>Bedryfsresultate</b>	<b>9,650</b>	<b>(990,922)</b>	<b>(1,063,782)</b>	<b>Operating Result</b>
Beleggingsinkomste ( netto )	-	9,843	-	Investment Income ( net )
Billikewaarde-aanpassing	-	7,362,523	-	Fair value adjustment
<b>Resultaat voor belasting</b>	<b>9,650</b>	<b>6,381,444</b>	<b>(1,063,782)</b>	<b>Result before taxation</b>
Belasting	-	1,374,200	-	Taxation
<b>Wins / (Verlies) vir die jaar</b>	<b>9,650</b>	<b>5,007,244</b>	<b>(1,063,782)</b>	<b>Profit / (Loss) for the Year</b>

**GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT BEGROTING VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2022**  
**CONSOLIDATED INCOME STATEMENT BUDGET FOR THE YEAR ENDED 28 FEBRUARY 2022**

	<b>OWO BESTUURS- VERENIGING OWV MANAGEMENT ASSOCIATION</b>	<b>OWOBV EDMS (BPK) OWOBV PTY (LTD)</b>	<b>GEKONSOLIDEERD CONSOLIDATED</b>	
<b>INKOMSTE</b>				<b>INCOME</b>
Heffings	7,344,528	(444,576)	6,899,952	Levies
Sorgheffing	825,768	-	825,768	Health Care Levy
Adisionale sorg inkomste	156,000	-	156,000	Additional healthcare income
Hulpsorgheffing	496,188	-	496,188	Assisted Living Levy
Ombudsman heffing	10,428	-	10,428	Ombudsman levies
Wassery	12,000	-	12,000	Laundry
Akkomodasie	-	7,282,641	7,282,641	Accommodation
Ander	-	-	-	Other
<b>Totale Inkomste</b>	<b>8,844,912</b>	<b>6,838,065</b>	<b>15,682,977</b>	<b>Total Income</b>
<b>UITGAWES</b>				<b>EXPENDITURE</b>
Munisipaliteit	1,177,278	514,814	1,692,092	Municipality
Versekering	447,774	37,776	485,550	Insurance
Sekuriteit	1,469,508	-	1,469,508	Security
VRME (18,060)	(18,060)	-	(18,060)	VRME
Onderhoud	1,032,672	152,709	1,185,381	Maintenance
Spesiale onderhoudsprojekte	824,500	-	824,500	Special maintenance projects
Administrasie	487,330	2,745,276	3,232,606	Administration
Klubhuisdienste	420,072	-	420,072	Clubhouse services
Salariesse	5,810,821	4,451,272	10,262,093	Salaries
Diverse personeeluitgawes	385,784	-	385,784	Sundry staff costs
Ander	12,000	-	12,000	Other
<b>Totale Uitgawes</b>	<b>12,049,679</b>	<b>7,901,847</b>	<b>19,951,526</b>	<b>Total Expenditure</b>
<b>BEDRYFSTEKORT</b>	<b>(3,204,767)</b>	<b>(1,063,782)</b>	<b>(4,268,549)</b>	<b>OPERATIONAL DEFICIT</b>
<b>ANDER INKOMSTE</b>				<b>OTHER INCOME</b>
Uitree Heffing	-	-	-	Exit levy
Diverse Inkomste	-	-	-	Sundry Income
<b>Beleggings inkomste</b>	<b>276,000</b>	<b>-</b>	<b>276,000</b>	<b>Investment Income</b>
<b>RESULTAAT VOOR BELASTING</b>	<b>(2,928,767)</b>	<b>(1,063,782)</b>	<b>(3,992,549)</b>	<b>RESULT BEFORE TAXATION</b>
<b>Belasting</b>	<b>60,000</b>	<b>-</b>	<b>60,000</b>	<b>Taxation</b>
<b>NETTO (TEKORT) / OORSKOT</b>	<b>(2,968,767)</b>	<b>(1,063,782)</b>	<b>(4,052,549)</b>	<b>NETT (DEFICIT) / SURPLUS</b>